| | | |
|---|---|---|
| LAERSKOOL<br>DOELGERIG<br>TYGERPOORT<br>BELEID EN ROSEDURE: BESTUUR VAN DIE LAERSKOOL YGERPOORT | GOEDGEKEUR:<br><br>Hoof | 4/02/2026<br>Datum<br>*Hersien: 4 Februarie 2026* |

## MERIETEBELEID - INTERSENFASE

### 1. AKADEMIESE TOEKENNINGS

**1.1 Gemiddeld van 80% en hoër:**
Die leerders wat 'n gemiddeld van 80% en hoër gedurende die jaar behaal, ontvang 'n sertifikaat van verdienste.

**1.2 Medaljes word toegeken aan:**
Graad 4-leerders wat 'n gemiddelde persentasie van 88% + behaal,
graad 5-leerders wat 'n gemiddelde persentasie van 88% + behaal,
graad 6-leerders wat 'n gemiddelde persentasie van 88% + behaal en
graad 7-leerders wat 'n gemiddelde persentasie van 86% + behaal, gedurende die jaar, sal 'n **goue medalje** ontvang.

**1.3 Boekpryse (gr. 7) en wisseltrofeë (gr. 4-7):**
Die leerder wat in graad 4-6 die hoogste gemiddelde persentasie in 'n vak behaal, sal 'n wisseltrofee ontvang.
Die leerder in graad 7 wat die hoogste gemiddelde persentasie in 'n vak behaal, sal 'n geskenkbewys (boekwinkel) en wisseltrofee ontvang.

**1.4 Dux-leerder vir ___:**
*Belinda Lewis-wisseltrofee:*
Die toekenning word gemaak aan die leerder in gr. 7 wat die hoogste gemiddelde persentasie gedurende die vier kwartale (jaar) behaal het.

### 2. ALGEMENE TOEKENNINGS

**2.1 Olimpiade-trofeewenner(s): Provinsiaal**
Die leerders wat die skool op provinsiale vlak verteenwoordig in olimpiades deur die Gautengse Departement van Onderwys aangebied, en wat wenners/naaswenners is, sal 'n sertifikaat van verdienste ontvang.

**2.2 Getroue skoolbesoek:**
Die 7 jaar getroue skoolbesoek sertifikaat word toegeken aan 'n leerder wat vanaf graad 1 tot graad 7 nooit afwesig was nie.

**2.3 Karaktertoekenning:**
*Tisha Steyn-wisseltrofee:* (Geskenk deur Tisha Steyn met kriteria)
Die toekenning word gemaak aan die gr. 7-leerder wat gedurende die jaar hom/haarself onderskei het as 'n pligsgetroue, vriendelike, hulpvaardige en betroubare leerder wat 'n navolgenswaardige voorbeeld vir alle huidige en toekomstige leerders is.